


PROJEK 2018

JESUS VIR JAPAN




Inligting oor die vlag:

Vergroot die vlag net so groot julle wil. Onthou net om die verhouding reg te hou.

Kort sy	10 cm	20 cm	40 cm	60 cm
Lang sy	15 cm	30 cm	60 cm	90 cm
Rooi sirkel	6 cm	12 cm	24 cm	36 cm

願播華科華 技意想 願各交各形



JESUS VIR JAPAN

Tydens hierdie ontmoeting besef kinders weer wanneer ons iets aan iemand anders doen, doen ons dit aan die Here. Die kinders leer ook meer oor Japan en hoe ons deur die jaar Japan se kinders kan ondersteun met ons projek.

Teks: Matteus 25:31 – 40

Hulpmiddels:

- ❖ Sambreel
- ❖ 'n Pak rys
- ❖ Sushi eetstokkies
- ❖ 'n Handwaaier
- ❖ Lantern of enige lamp
- ❖ Vergrootglase vir elke kind of 'n prent van 'n vergrootglas vir elke kind (wat nog nie kan lees nie)
- ❖ Geheime dekodeerder vir elke kind wat kan lees en skryf
- ❖ Hulpmiddels vir werskaf (sien onder werskaf)
- ❖ PowerPoint met feite oor Japan (op ons webwerf beskikbaar)
- ❖ Die liedjie "Jesus loves me" in Engels en Japannees (op ons webwerf beskikbaar)



WELKOM

"I spy with my little eyes": *Voordat die kinders inkom*, sit jy al die goed wat jy vir hierdie speletjie kan gebruik, in die lokaal of ruimte waar julle die ontmoeting doen. Probeer die eerste 5 items onder hulpmiddels gebruik omdat dit op ons sendingprojek fokus, asook enigiets anders wat jy wil gebruik vir die speletjie. *Wanneer die kinders daar is*, kan jy die volgende sê: "Sjoe, vandag is ek baie lus om 'n bietjie te spioeneer op mense en dinge. Weet julle wat beteken dit om te spioeneer? Dalk ken julle eerder die Engelse woord "spy". Dit beteken dat jy in die geheim inligting kry oor iemand of oor 'n spesifieke saak. Iemand wat spioeneer, word 'n "spioen" genoem. Die regering stel baie keer 'n spioen aan om in die geheim inligting oor hulle vyande of oor 'n sekere situasie te kry. Met daardie inligting wat

hulle by die spioen kry, kan die regering besluite neem oor hoe hulle hul land verder teen die vyand kan beskerm of wat hulle volgende moet doen. Wie van julle wil graag 'n "spy" wees? (*Gee tyd vir reaksie*). Goed, ons gaan nou 'n speletjie speel waar ons elkeen 'n "spy" of "spioen" is. Ek gaan vir julle leidrade gee en julle moet kyk of julle daardie leidrade kan gebruik om te weet van watter items ek praat. Ek gaan elke keer begin deur te sê: "I spy with my little eye...", dan gee ek die leidraad en dan moet julle daardie item soek en daarna wys. Bv. "I spy with my little eye...iets wat vir jou lig gee as jy in 'n donker vertrek instap. (lamp/lig). (*Die aanbieder kan self bepaal hoe lank julle dit wil speel*).

Wie wil nou weer almal spioene wees? (*Laat die kinders weer reageer.*) Ek is so bly! Het julle geweet dat ons as kinders van die Here ook Jesus se spioene is. Ja, Jesus weet alles, maar Hy wil hê dat ek en jy elke dag nuwe inligting moet kry om ons te help om goeie besluite in ons lewe te neem. Waar dink julle kry ons daardie inligting? (*Kinders reageer.*) Ja, in die Bybel. Die Here gee vir ons al die inligting in die Bybel wat ons nodig het om ons te help om die regte besluite te neem. Maar daar is nog 'n manier hoe die Here wil hê ons spioene vir Hom moet wees. Hy wil hê ons moet uitvind hoe dit met ander mense gaan en of hulle swaarkry. Ons moet ook uitvind hoe ons hulle kan help. Ons as kinders van die Here wil mos vir mense help, nè? (*Kinders reageer.*) Op watter verskillende maniere kan ons mekaar help? (*Gee geleentheid vir antwoorde.*) Deur vir mekaar te bid; as iemand kos nodig het, vir hulle te gee; deur na ons maatjies te luister as hulle hartseer is; ens. En hoe weet ons dat 'n maatjie hartseer is? Ja, ons het daardie inligting by ons maatjie of by iemand gekry. Nou kan ons besluit of ons vir ons maatjie gaan lag omdat hy/sy hartseer is en ons rug op hom/haar draai, of ons kan besluit om daardie inligting te gebruik om ons maatjie te ondersteun deur vir hom/haar te luister, deur te bid, deur daar te wees vir hom/haar, ens. So, eintlik is ons elke dag spioene vir Jesus, want elke dag kry ons inligting wat ons kan gebruik om ander mense te help.

As spioene vir Jesus gaan ons hierdie jaar by KIX meer inligting kry oor ons maats wat in Japan bly. Ons gaan kyk hoe ons hulle kan help en ondersteun. Dit is baie ver hiervandaan, maar die Here wil vir my en jou ook in ons maats se lewens daar in Japan gebruik. Ons noem ons spioeneer projek: **JESUS VIR JAPAN!** Wie van julle wil hierdie jaar deel wees van hierdie span wat gaan spioeneer op Japan? (*Laat die kinders reageer.*) Goed, laat die spioeneerwerk begin!!!

Goed spioene, ons het twee take wat ons moet doen vir ons "**JESUS VIR JAPAN**"-projek.

Eerste taak: Ons moet uitvind wat die kinders in Japan nodig het sodat ons daarvoor kan geld insamel.

Tweede taak: Ons moet uitvind waarvoor spesifiek ons vir hulle kan bid.

Goed spioene, voordat ons inligting kan gaan soek oor wat Japan se kinders nodig het, moet ons eers 'n bietjie agtergrond oor Japan kry. Maar nou moet ons eers gefokus raak, want spioene moet altyd gefokus wees.



Sing: We will stand together (www.youtube.com/watch?v=kC9-W4M9yI4)

Stilword ritueel:

Speel liedjie van 'Jesus love me yes I know' (die weergawe wat in Japannees en in Engels is) terwyl kinders sit en hulle oë toemaak. Kinders luister rustig na Japanese weergawe en nooi hulle uit om by die Engels saam te sing. (Daar is 'n "video clip" asook 'n MP3 van die liedjie op ons webtuiste. Laai die een af wat jy die maklikste kan gebruik.)

Het jy al ooit gevoel jy wil elke dag net meer en meer vir Jesus wys hoe lief jy Hom het? Wonder jy hoe jy dit kan doen as jy Hom dan nie kan sien nie? Vir Mamma kan jy 'n blommetjie gee. Vir Pappa kan jy in die tuin help, maar hoe gee jy vir Jesus 'n blommetjie? Ja, Hy woon in ons harte, maar soms wil jy so graag vir Hom iets gee of doen om net dankie te sê en te sê jy is lief vir Hom. Weet jy wat...jy kan... elke dag... Sien, die Here sien alles raak en weet van alles wat jy vir Hom doen, soos Pappa raaksien as jy hom in die tuin help, of soos Pappa raaksien hoe jy vir Mamma in die kombuis help. *(Pas voorbeelde aan by eie konteks.)* Kom ons lees wat sê die Bybel oor hoe ons vir Jesus kan wys ons is lief vir Hom:

Lees Matteus 25:31 – 40:

Jesus het gesê: “Wanneer Ek, die Seun van die mens, die Koning, saam met al my engele kom, dan sal Ek op my troon sit en Koning wees. Dan sal al die volke voor My bymekaarkom, en dan sal Ek die mense van mekaar skei, soos 'n skaapwagter die skape van die bokke skei. En Ek sal die skape regs langs My laat staan en die bokke links langs My. Dan sal Ek, die Seun van die mens, vir die mense regs langs My sê: ‘Kom, my Vader het julle geseën. Hy wil van altyd af Koning wees oor julle, vandat Hy die aarde gemaak het. Julle moet dit nou aanvaar en bly wees daaroor. Want toe Ek honger was, het julle vir My iets gegee om te eet, en toe Ek dors was, het julle vir My iets gegee om te drink. Toe Ek 'n vreemdeling *(Iemand wat in 'n ander land of stad woon, nie by sy eie mense nie. Die mense van daardie plek laat hom toe om daar te woon)* by julle was, het julle gesê Ek is welkom by julle. Ek het nie klere gehad nie, en julle het vir My klere gegee om aan te trek. Ek was siek, en julle het vir My gesorg. Ek was in die tronk, en julle het My besoek. Die mense wat gehoorsaam is aan die wette van die Here, sal dan vir My sê: ‘Here, wanneer het ons gesien U is honger en het ons vir U iets gegee om te eet? Wanneer het ons gesien U is dors en het ons vir U iets gegee om te drink? Wanneer het ons gesien U is 'n vreemdeling en het ons gesê U is welkom by ons? Wanneer het ons gesien U het nie klere nie en het ons vir U klere gegee om aan te trek? Wanneer het ons gesien U is siek of in die tronk, en het ons U besoek?’ Die Koning sal dan vir hulle sê: ‘Ek sê vir julle, en dit is seker: Toe julle dit gedoen het vir een van my vriende, ook vir die een wat die minste belangrik is, toe het julle dit vir My gedoen.’”

Tyd vir wonder:

1. Ek wonder wat was vir jou mooi in die verhaal.
2. Ek wonder wat is vir jou belangrik in die verhaal.
3. Ek wonder waar sien jy mense in die wêreld wat ander mense help.
4. Ek wonder hoe jy ander mense kan help om so vir Jesus te wys hoe lief jy Hom het.

Dit is belangrik om te weet hoe groet hulle mekaar in Japannees:

- o Goeie môre/Good morning: Ohayou gozaimasu (spreek dit uit: ô-haai – yoe Gô-zaai – mâs)
- o Hallo: “konnichi wa” (spreek dit uit: kon-nietchie – wâ)
- o Bye: “Jaa, mata ne” (spreek dit uit: djaa, mâ-tâ - nê)
- o Bye-bye: “Bai bai”

(Laat die kinders elke woord herhaal.)

Ek wonder wat kan ons leer van Japan? Kom ons gaan ontdek Japan! (Hier volg 'n klomp feite. Kies self watter van hierdie feite julle aan die kinders wil vertel. Jy kan gebruik maak van die PowerPoint wat

op ons webwerf beskikbaar is.)

1. Japan is in die kontinent Asië geleë en bestaan uit 'n groep eilande. Om presies te wees... Japan bestaan uit 6852 eilande.
2. Tokyo is die hoofstad van Japan.
3. Japan se vlag is wit met 'n rooi kol in die middel. Die rooi kol simboliseer die son sonder strale.
4. Die taal wat hulle in Japan praat is Japannees. Hoe groet 'n mens nou weer in Japannees? *Hallo: "konnichi wa" (spreek dit uit: kon-nietchie – wâ)*
5. Japan het omtrent 200 vulkane, waarvan 60 nog steeds aktief is. ('n Aktiewe vulkaan is 'n vulkaan wat steeds vulkaniese uitbarstings kry.)
6. Daar is jaarliks omtrent 1500 aardbewings in Japan.
7. Daar is omtrent 50 000 mense in Japan wat meer as 100 jaar oud is.
8. Japannese boere kweek vierkantige waatlemoene, omdat dit makliker is om dit te verpak en te stoor.
9. Daar is meer troeteldiere in Japan as wat daar kinders is.
10. In Tokyo is daar 'n katkafes waar jy kan gaan koffie drink en tyd saam met katte spandeer.
11. In Japannese skole maak die onderwysers en kinders almal saam die klaskamers en skool skoon.
12. Daar is 'n eiland in Japan wat vol hase is.
13. In Japan is dit onbeskof om iemand wat jou bedien of 'n kelner te "tip".
14. Mense in Japan wat nie 'n huis kan bekostig nie, lewe in McDonalds restaurante, omdat McDonalds op hulle deure sê: "Doors are always open" / "Deure is altyd oop". Hierdie mense word McRefugees genoem.
15. Karate, Judo en ander "martial arts" het in Japan ontstaan.
16. Die tradisionele huise in Japan word van hout gebou.
17. In Japan is dit normaal om rys tydens elke ete te eet, ook tydens ontbyt.
18. Sushi ('n rys-dis wat soms rou vis ook bevat) is 'n baie bekende kossoort in Japan. Deesdae is sushi oral in die wêreld 'n gunsteling.
19. Die tradisionele rok in Japan word die "kimono" genoem. Dit word gewoonlik van linne of sy gemaak met groot moue en dit strek van die skouers tot by die enkels. Dit word vasgemaak met 'n wye gordel wat 'n "obi" genoem word. Hulle dra dit deesdae net op spesiale geleenthede soos troues, feeste en seremonies.
20. Kersiebloeisels is 'n simboliese blom in die lente. Dit simboliseer 'n tyd van vernuwning en hoe gou die lewe verbygaan. Hulle het 'n kort lewensduur. Tydens die lenteseisoen hou die Japannese daarvan om kersiebloeiselpartytjies te hou en voel hulle sommer net vrolik.
21. Daar is minder as 1% Christene in Japan. Uit 'n klas van 100 maats, sal daar net 1 maat wees wat 'n Christen is. Dit is hoe min mense in Japan Christene is.
22. Omdat een van Japan se kernwaardes lojaliteit is, sien hulle jou as 'n verraaier wanneer jy hulle tradisionele godsdiens, Buddhisme of Shintoïsme (*Shintoïsme is 'n godsdiens wat in Japan ontstaan het. Dit is 'n godsdiens waar die mense verskillende rituele moet doen ten einde 'n verhouding tussen die lewende mense en die geeste te reguleer*) verruil vir 'n ander geloof.
23. Die Japannese sal kruise dra as deel van die mode, maar het geen idee wat die kruis eintlik simboliseer nie.

24. Die Japannese wys glad nie emosie nie, bv. hulle sal nie sê as hulle kwaad of hartseer is nie en jy sal dit ook nie op hulle gesigte sien nie.
25. Al wys Japannese nie emosie nie, kan 'n mens tog op hulle gesigte lees dat hulle geen hoop vir die toekoms het nie.
26. Met die klomp natuurrampe wat in Japan voorkom, veral na die aardbewing en tsunami in 2011, het die Japannese, wat niks hulp van iemand anders wou hê nie, sagter begin word en het hulle meer oop geraak om te besef dat hulle die Goeie Nuus van Christus nodig het. So het deure vir sendelinge in Japan stadig begin oopgaan.
27. Japan het 'n baie hoë selfmoordsyfer, omdat mense alleen en geïsoleerd voel. Dit sê vir ons hoe broodnodig hulle die Here het, sodat hulle nie meer so alleen hoef te voel nie.

Spioene vir Jesus, nou het ons 'n bietjie beter agtergrond oor die land wat ons hierdie jaar wil ondersteun. Ek wonder watter van hierdie inligting staan vir jou uit? *(Gee geleentheid vir terugvoer.)*

Ons gaan elke week iets meer oor Japan uitvind en vir hulle bid, maar ons wil ook begin geld insamel om die kinders in Japan te help. Alhoewel ons nou al moet begin met ons insamelingsprojek, gaan ons tydens die tweede kwartaal bietjie meer in-“zoom” op ons maats vir wie ons die geld insamel en met wie ons kontak wil maak.

Hoe gaan ons **insamelingsprojek** werk? Ons het 'n groot landsvlag van Japan. *(Wys die papier/plakkaat met Japan se vlag op; die kol in die middel is nie ingekleur nie). Is dit reg? Is dit hoe dit lyk? (Laat die kinders reageer en begelei hulle na die antwoord dat die kol rooi moet wees.)* Ja, hierdie vlag is nie reg nie, want die Japannese vlag het 'n rooi kol in die middel en nie 'n wit kol nie. So, ons moet as deel van ons taak as spioene vir Jesus hierdie kol rooi maak. Die enigste manier hoe ons hierdie kol kan help rooi kom, is deur geld in te samel. So, vir elke R50 *(Pas hierdie bedrag aan volgens julle omstandighede.)* wat ons insamel, word daar 'n klein rooi “sticker” in die groot kol geplak. Ek sien hier gaan baie rooi kolle geplak moet word, so spioene ons sal moet ernstig werk hieraan. Sien julle kans vir hierdie taak wat ons het? *(Laat die kinders reageer.)*

Spioene het geheime wagwoorde nodig om seker te maak dat hulle regtig deel is van die geheime span. Net so gaan ons ook 'n geheime wagwoord hê wat julle tydens elke ontmoeting moet sê voordat julle kan inkom. (Die kinders staan in 'n sirkel. Die aanbieder fluister die wagwoord in een van die kinders se ore. Fluister die wagwoord dan verder in die sirkel in die een langsaan se ore, soos telefoontjie. Na almal die wagwoord gehoor het, tel die aanbieder tot drie en dan sê almal saggies en gelyktydig die wagwoord om seker te maak dat almal die regte wagwoord het. Die wagwoord is: “**Jesus vir Japan**”.

- ◆ Inkleurprent
- ◆ Vergrootglase (vir die kinders wat nog nie kan lees en skryf nie): Die kinders maak elkeen hul eie vergrootglase om elke week tydens sendingtyd te gebruik. (Besluit self of dit beter is om na elke ontmoeting die vergrootglase in te neem en veilig te hou en of die kinders dit kan saamneem huis toe en na elke ontmoeting saambring).
- ◆ Geheime dekodeerders (vir die kinders wat kan lees en skryf): Maak 'n geheime dekodeerder en gebruik dit tydens elke ontmoeting.
- ◆ Aan die einde van hierdie pdf is nog praktiese "crafts" oor Japan. Gebruik dit gerus wanneer julle kans kry.

Afsluiting:

Staan in 'n sirkel. Die wagwoord het bewegings ook:

Jesus (*strek jou arms reguit uit na jou sykante:* )

vir Japan (*buig vorentoe terwyl jy jou kop knik:* )!

Die kinders herhaal dit en doen die bewegings saam. Iemand in die kring sluit af met gebed. Na gebed, sê almal weer die wagwoord (met bewegings) as 'n tot siens groet.




Aan die einde van die instruksies vir die vergrootglase en dekodeerders volg inligting oor Japan waarna die kinders elke week as spioene kan kyk. Die kinders met Geheime dekodeerders moet elke week die kode ontsyfers. Miskien kan die koeverte met die inligting eerder prente op hê (i.p.v. die woorde). Die kinders met vergrootglase moet dan elke week die regte koevert soek .



Geheime dekodeerders:


Maak 'n geheime dekodeerder en gebruik dit elke week. Ons gaan dit tydens elke ontmoeting gebruik. Kopieer die "geheime dekodeerder" op A4-karton, een vir elke kind. Jy het ook 'n "split pin" vir elke kind nodig. Vra vir "round head paper fasteners".

Knip die 2 sirkels uit. Gebruik 'n els (oppas, dis skerp) of skerppuntnaald om gaatjies deur die middel te druk. Maak die kleiner sirkel bo-op die groter een vas met 'n "split pin". Elke week moet die kinders die wagwoord sê en die bewegings doen voordat hulle daardie week se leidraad en kode kry om te ont-syfer. Die foto wys hoe dit die eerste week sal lyk wanneer die leidraad "M = A" is. Aan die begin van elke ontmoeting word die wiel gedraai volgens die leidraad. (By week 1 staan die A op die buitenste wiel regoor die M op die binneste wiel.) Daarna moet die wiel nie weer ten opsigte van mekaar gedraai word nie. Week 1 se kode geheime kode is: N D U Q R. Soek op die binneste wiel die N en lees watter letter regoor hom staan: B. Soek nou D op die buitewiel en lees wat regoor hom staan op die buitewiel: R. Net so word U 'n I, Q word E en R word F. Die kode spel "BRIEF". Die volgende week word die wiel aan die begin gedraai volgens die leidraad vir daardie week.



Vergrootglase:

Kopieer twee vergrootglas-vorms vir elke kind op karton. Knip albei uit. Knip 'n sirkel sellofaan uit wat kleiner as die buitesirkel en groter as die binnesirkel is. Smeer gom aan albei vergrootglasvorms. Plak die sellofaan tussen die sirkels vas om 'n kastige vergrootglas te maak.



ONTMOETING 1

Spioenwenk: M = A

Spioentyd: Wat is ons taak vir vandag? Vind uit wat 'n Christen van Japan geskryf het.

Ontsyfer die **Geheime kode:** N D U Q R (BRIEF)

Brief uit Japan (in koevert):

Liewe boeties en sussies in Christus,

Ek wil graag met julle deel hoe die Here my lewe verander het hier in Japan. Voordat ek 'n Christen geword het, was ek baie bang en het baie vrees in my gehad. In Japan is daar sommige mense wat dink dit is nie goed om in iets te glo en op iets te vertrou nie. Maar ek dink ons hier in Japan het nodig om in Jesus te glo en Hom te vertrou. Ek het nou hoop en vrede in my hart. Ek wil die Evangelie (Goeie Nuus) aan mense vertel. Bly asseblief bid vir ons in Japan. Baie mense in Japan glo nie in Jesus nie. Vra Jesus om hulle oë oop te maak sodat hulle sal sien dat hulle Hom nodig het en dat hulle Hom kan vertrou.

Jesus-liefde en seën!

Groete uit Japan!

Ai (haar naam beteken Liefde)

Bid vir Japan: Die groep besluit waarvoor hulle vir Japan wil bid en iemand in die groep bid.

ONTMOETING 2

Spioenwenk: P = A

Spioentyd: Wat is ons taak vir vandag? Vind uit wat jy nie in Japan mag doen nie.

Ontsyfer die **Geheime kode:** H Z D T C T (SKOENE)

Inligting in die koevert:

Jy mag nie skoene in die huise van Japan dra nie. Hulle wil nie hê die stof en vuilheid van buitekant moet deur hulle hele huis en skoon vloere versprei word nie. Soms gee hulle vir jou pantoffels waarmee jy in die huis kan rondloop.

Bid vir Japan: Julle kan ook bid vir iets wat julle uit hierdie riglyn geleer het, bv. Here, net soos Japan hulle huise wil skoon hou, help ons asseblief ook om ons land/dorp en ons harte skoon te hou deur nie rommel te strooi nie en deur nie vuilgoed in ons harte en gedagtes toe te laat nie. Amen.

ONTMOETING 3

Spioenwenk: I = S

Spioentyd: Wat is ons taak vir vandag? Vind uit waarvoor die Japannese handwaaiers gebruik word. (Wys hoe die handwaaiers lyk deur voor die tyd een te vou, of 'n goedkoop een te koop.)

Ontsyfer die **Geheime kode**: W U I A U D A (GESKENK)

Inligting in die koevert: Die Japannese handwaaiers is 'n belangrike simbool in Japan. Dit is deur vegters gebruik as 'n vorm van wapen, deur akteurs en dansers tydens optredes en deur kinders as 'n speelding. In Japan word hierdie waaiers vir mense as 'n geskenk gegee en dit word gebruik as 'n skinkbord waarop geskenke neergesit word. Hulle gebruik dit ook soms tydens godsdienstige geleenthede.

Bid vir Japan: Vra ook dat die Here almal sal help om 'n geskenk en seën vir mekaar te wees.

ONTMOETING 4

Spioenwenk: E = N

Spioentyd: Wat is ons taak vir vandag? Vind verder uit wat jy nie in Japan moet doen nie.

Geheime kode: C F F G V E V V K (LOOP EN EET)

Inligting in die koevert: Moenie loop of beweeg terwyl jy iets eet of drink nie! In Japan sal jy nie sien dat mense, soos in ander lande, op straat sal stap en eet of drink nie...EN... Al het omtrent almal in Japan selfone, volg almal die reël dat jy nie in die openbaar op jou selfoon praat nie. Jy kan wel boodskappe stuur en tik op jou selfoon. Maar hulle dink dis onbeskof om op jou foon te praat terwyl jy tussen ander mense is.

Bid vir Japan: Voorbeeld vir ekstra gebed: "Here, help ons om mekaar altyd in ag te neem en nie sefsugtig te lewe nie."

ONTMOETING 5

Spioenwenk: A = G

Spioentyd: Wat is ons taak vir vandag? Vind uit oor Japan se mense en kultuur.

Geheime kode: L Y M J Y E (RESPEK)

Inligting in die koevert: Die Japannese is bekend vir hulle bereidwilligheid om hard te werk. Kinders word geleer om mekaar, veral hulle ouers en base, te respekteer. Hulle word geleer om te doen wat die beste is vir hulle familie of besigheid en dat hulle minder bekommerd moet wees oor hulle eie behoeftes.

Bid vir Japan: Bid vir die kinders in Japan dat hulle die Here sal innooi in hulle harte. Bid ook dat hulle sal weet dat hulle hul eie behoeftes vir die Here kan vertel en Hom kan vertrou om vir hulle te gee wat hulle nodig het.

ONTMOETING 6

Spioenwenk: W = A

Spioentyd: Wat is ons taak vir vandag? Vind uit oor een van die grootste natuurrampe in die geskiedenis.

Geheime kode: S K J Z A N S A N G (WONDERWERK)

Inligting in die koevert: Japan is deel van die "Ring of Fire" en daardie lande beleef gereeld natuurrampe. In 2011 is Japan getref met een van die grootste natuurrampe in die geskiedenis. 'n Aardbewing en Tsunami (baie groot golf) het Japan getref!! Omtrent 18 000 mense het gesterf en 'n half miljoen (500 000) mense moes uit hulle huise vlug en het hulle huise verloor. Baie hartseer en vrees het van daardie oomblik af baie mense in Japan se lewe oorgeneem. Dit was 'n groot ramp waarvan mense vandag nog herstel, maar in sulke groot hartseer wys die Here steeds hoe Hy sorg. Hier is 'n wonderwerk wat gebeur het:

Drie dae na die aardbewing en tsunami was die reddingsspan besig om in 'n dorpie in Ishinomaki te werk. Hulle hoor toe iets wat klink soos 'n baba wat huil. Hulle het dit eers geïgnoreer, want hoe kan 'n baba hierdie monster van 'n brander wat 'n dorp vernietig het, oorleef. Maar die gehuilery het aangehou en toe ontdek hulle van waar dit kom: 'n 4 maande oue babadogtertjie, wat pienk beertjieklere aanhet, het daar tussen al die afvalstukke gelê. Albei haar ouers het ook oorleef en niemand weet hoe so 'n kleine baba so 'n groot ramp kon beleef nie. Dit was waarlik 'n wonderwerk!!

Bid vir Japan: Dank die Here ook dat Hy deur hierdie verhaal vir ons weereens laat besef: dit maak nie saak hoe klein ons is nie, God sorg vir ons.

ONTMOETING 7

Spioenwenk: O = P

Spioentyd: Wat is ons taak vir vandag? Vind uit oor die tradisionele Japannese kosse.

Geheime kode: Q X R (RYS)

(Jy kan voor die tyd klein bakkies met gesnyde kossoorte wat bv. rooi, geel, groen, ens. is, of sushi as voorbeelde vir die kinders wys. Prente kan ook gebruik word.)

Inligting in die koevert: Die Japannese eet baie rys, vis en groente. Dit het min vette en baie vitamines en minerale, daarom is hulle kos baie gesond. Omdat die grootste deel van die Japannese Buddiste is en hulle nie vleis mag eet nie, het sushi as 'n gunsteling in Japan ontstaan. Sushi bestaan hoofsaaklik uit rys met seewier, groente en soms ook rou vis. Die Japannese gebruik baie eenvoudige kooktegnieke. Verskillende vegetariese (vleislose) kosse word in klein porsies bedien. Al die kossoorte word in vyf kleurgroepe verdeel (groen, rooi, geel, wit en swart-pers) en ses smaakgroepe (bitter, suur, soet, warm, sout, matig).

Bid vir Japan: Bid ook dat die Here die Japannese sal help om ook Geestelike voedsel in te neem.

PROJEKLIEDJIE

deur Christine van Eyssen

1. Karaoke, Kawasaki, Toyota, Isuzu, Suzuki en ook Honda

Ek met my klein ogies sien Japan.

Sushi en sambrele – wat daarvan?

Refrein:

Jesus is lief vir die mense in Japan.

Hy laat sy kinders met sy boodskap daarheen gaan.

Jesus gee om vir die mense in Japan.

Jesus vir Japan.

2. Lentebloeisels om kastele wit en pienk.

Bergtoppe is met sneeu bedek.

Helderrooi die son op die diep blou see,

Porselein potte propvol tee.

Refrein:

Jesus is lief vir die mense in Japan.

Hy laat sy kinders met sy boodskap daarheen gaan.

Jesus gee om vir die mense in Japan.

Jesus vir Japan.

3. Sumu's laat die babas huil, almal hou daarvan.

Buddha hou hul harte vas, maar Jesus maak hul vry.

Refrein:

Jesus is lief vir die mense in Japan.

Hy laat sy kinders met sy boodskap daarheen gaan.

Jesus gee om vir die mense in Japan.

Jesus vir Japan.

(Die bladmusiek en 'n opname is beskikbaar op ons webtuiste en Facebook-blad.)